



**Die Bybel: 'n Direkte Vertaling**

**NUUSBRIEF 26**

**31 Maart 2017**

Geagte broer en suster in die Here

Hiermee lewer ons graag weer verslag van die vordering met die werk aan *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* en die huidige stand van sake.

Ons is deur die Bybelgenootskap versoek om alles in ons vermoë te doen, sodat die BDV teen die einde van 2020 bekendgestel kan word.

Statisties gesproke is die vordering tans soos volg:

	OT	DK	NT	Bybel as geheel
<b>Fase 1:</b>	100%	100%	100%	100%
<b>Fase 2:</b>	86%	100%	100%	91%
<b>Fase 3:</b>	0%	97%	100%	34%

In **Fase 2** is die 2RKOT tans besig om Jesaja te redigeer, waarna Jeremia en Job nog voorlê. Daar sal hard gepoog word om in die oorblywende drie vergaderings vanjaar dit alles af te handel. Daar is reeds een vergadering van die 2RKOT gedurende Januarie 2017 gehou.

In **Fase 3** moet kommentaar deur lesers op die hele **Ou Testament** (579 822 woorde) oorweeg word. Daar sal gepoog moet word om alles gedurende 2018 af te handel.

In die lig van die voorgestelde publikasiedatum, sal tekste dalk met korter tussenposes aan die kerklike lesers gestuur moet word. Ons is steeds werklik dankbaar vir die onbaatsugtige diens wat kerklike lesers te midde van hulle eie vol programme lewer om die projek te bevorder deur die kommentaar wat hulle lewer.

Daar is aanvanklik nog 'n vergadering van die 3RKDK vir vanjaar beplan, maar die hoeveelheid kommentaar wat op die laaste **Deuterokanonieke boeke** ontvang is, regverdig nie die koste verbonde aan 'n volledige sessie in Kempton Park nie. Die oorblywende kommentaar sal derhalwe deur korrespondensie en op ander wyses hanteer word.

Hoewel fase 3 van die **Nuwe Testament** reeds gedurende 2015 afgehandel is, is daar in die lig van kommentaar wat gelyktydig met die finale sessie (en ook nog daarna) ontvang is, van 3-7 Maart 2017 nog 'n vergadering van die 3RKNTb "in beseringstyd" gehou, waar die laat ingekome kommentaar oorweeg is. Nou is daar egter 'n finale streep getrek, en enige verdere kommentaar sal maar met die oog op die toekoms geliasseer moet word. In die lig van ons ervaring, is daar by ons almal nuwe begrip en waardering daarvoor dat die vertalers van die *1933/53-vertaling*, die dag met die loodsing van die vertaling gevra het dat daar dadelik met 'n hersiening begin moet word!

goeie nuus vir almal vir altyd  
good news for all for ever

In **Fase 4** moet aandag aan die konsekwentheid in die drie korpusse van die Bybel gegee word. Dit gebeur egter reeds deurentyd waar enigsins moontlik.

In **Fase 5** moet die Begeleidingskomitee, as beleidskomitee, die hele Bybel goedkeur, waarna die BSA se kontroles en uitleg met die oog op publikasie volg.

Soos tevore reeds vermeld, het die **Werkkomitee oor hoofletters by Messiaanse tekste in die OT** sedert Julie 2014 nog nie weer vergader nie, aangesien daar gewag is totdat voldoende Ou-Testamentiese boeke wat reeds vertaal is, vir oorweging deur die Werkkomitee beskikbaar is. Daar word nou 'n byeenkoms vir 1 November 2017 in die vooruitsig gestel.

Die **Begeleidingskomitee** van die BDV DV vergader weer op **10 Mei 2017** om aan bepaalde beleidsake aandag te gee, onder meer aan die gebruik van **leenwoorde** (vreemde terme) in die BDV. Op **2015-10-21** het die Begeleidingskomitee besluit:


Dat vreemde terme in die huidige teks van 3RKNT voorlopig gehandhaaf word soos dit op die webblad geplaas word, ook in die lig daarvan dat Ou-Testamentiese en Deuterokanonieke tekste nog in fase 3 aan lesers gestuur en op die webblad geplaas word.

Daar word tans in *Die Saaier* aan die hand van voorbeelde verder hieroor by lesers navraag gedoen. In die lig van die moontlike bekendstelling van die BDV in 2020, word nou aanbeveel dat die Begeleidingskomitee (in die lig van kommentaar deur lesers, en navorsing deur die Bybelgenootskap) gedurende **2018** 'n finale besluit oor die gebruik al dan nie, van die leenwoorde sal neem.

Soos gebruiklik herinner ons u weer aan die webblad [www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za) waar tekste wat aan die einde van **fase 2** deur die Redaksionele Komitees afgehandel is, vir kommentaar beskikbaar gestel word, asook tekste aan die einde van **fase 3 – bloot vir kennisname** – waarin die *kommentaar van kerklike en ander lesers* reeds verwerk is en die teks dus voorlopig "gefinaaliseer" is. Daar word ook van tyd tot tyd bepaalde sake in die "vraag en antwoord"-rubriek aan die orde gestel, soos byvoorbeeld, waarom die vertaling "ghong" in 1 Kor 13:1 gebruik word, asook opmerkings oor die spelling van eiename en die gebruik van aanhalingstekens.

Ons bly steeds afhanklik van u voorbidding vir hierdie projek wat deur die kerke aangevra is. Dit is vir die kerke, en tot eer van die Here, wat ons die projek in afhanklikheid van Hom, en met groot verantwoordelikheid probeer voltooi.

Vriendelike groete



Bernard Combrink  
Projekleier  
*Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*